Augustus 2014

Ligdraers

"DIT WAS 'N UITREIK WAT MY BAIE NEDERIG GELAAT HET..."

JANA MARX Dít was die woorde van Aobakwe Seikaneng toe hy terugdink aan die Studentekerk se Lesotho-uitreik vroeër vanjaar. Op 28 Junie het 50 studente onder die leiding van Adriaan Knoetze, voorsitter van die komitee, en ds. Christo Louw, studenteleraar, Bloemfontein vir die pragtige Lesotho verruil.

Carina Meyer, die sekretaresse van die komitee, het vir *Vennote in Getuienis* meer van hierdie uitreik vertel.

"Voor die uitreik begin het, het ons alreeds ervaar hoe die duiwel ons planne in die wiele wou ry, maar ons het ook beleef hoe getrou die Here is," vertel sy. "Omtrent 'n week voor ons na Lesotho sou vertrek, het ons die onstellende nuus gekry dat daar politieke spanning in Lesotho is en dat daar selfs 'n staatsgreep dreig. Ons het sterk oorweeg om die uitreik af te stel, maar daar het op die nippertjie vrede gekom en ons kon met die uitreik voortgaan."

Carina lê ook besondere klem op die sterk eenheid in die span: "Daar was regtig geen onderskeid tussen die swart en wit spanlede nie en ons kon mekaar se 'andersheid' geniet. Dit het selfs gelei tot 'n hele paar skreeusnaakse oomblikke waaroor ons nog lekker in die toekoms sal lag!"

Volgens haar was daar verskeie hoogtepunte tydens die uitreik, naamlik die uitdeel van Christelike lektuur, bouprojekte, verskeie kinderuitreike, 'n onverwagse uitnodiging na 'n verjaarsdagviering en 'n besondere bedieningsgeleentheid by 'n man se huis.

"By Quthing het ons besef hoe groot die behoefte aan basiese Sondagskoolmateriaal is, want daar is amper meer kinders as volwassenes in die kerk," verduidelik sy. Die boeke van CLF wat hulle saamgeneem het, gee basiese riglyne aan Sondagskoolpersoneel en hulle het toe 'n hele aantal Kinderbybels en Sondagskoolboeke in die hande van *mme* Josephine, 'n toegewyde lidmaat van die plaaslike gemeente, gelaat. "Ons vertou dat die Here vir Josephine sal gebruik om 'n Sondagskool op Quthing te vestig." Met behulp van die lektuur kon die span ook met mense oor baie aktuele sake soos tienerswangerskappe, egskeidings en voorvaderaanbidding gesels.

"Ons het by Quthing, sowel as by die bergdorpie Mpaki, op verskeie bouprojekte gefokus. By Mphaki het ons waterpype tot by die pastorie aangelê, sodat mense nie meer emmers water honderde meters ver hoef aan te dra nie. By Quthing het ons weer die pastorie se mure gepleister, barste reggemaak en geverf. Die hek en heining is ook sommer opgeknap. Water is na die kombuis, waar daar reeds 'n opwasbak en kraan was, aangelê en ons het ook 'n beter dreineringsisteem in-

gesit", vertel sy. Die plaaslike lidmate van die gemeente wat elke dag saam met die span gewerk en deurentyd vrolik gesing het, het Carina ook beïndruk. "Dit het regtig nie soos werk gevoel nie!"

Die uitreikspan het ook 'n hele paar jeugprojekte gehad, maar wat hulle veral geïnspireer het, was om te sien hoeveel jongmense aktief by die plaaslike gemeentes betrokke is. 'n Hele paar jongmense tussen 20 en 30 jaar oud preek sommige Sondae of help om eredienste te lei. "Terwyl ons daar was, het hulle ook elke dag gehelp met die bouprojekte en as gidse opgetree wanneer ons die klein statjies besoek het. Hulle was ons tolke." vertel Carina.

Een van die mooiste dele van die Lesotho-uitreik se verhaal, is sekerlik die geleentheid wat Carina 'the incredible sleepover' noem: "By Mphaki het twee van die spanlede 'n man ontmoet wie se vrou hom verlaat het. Die man het die Here nie geken nie en was duidelik baie eensaam en depressief. Hy het toe vir Eduan en Quintin uitgenooi om die nag by sy huis te kuier. Daar het hulle die geleentheid gehad om hulle geloof met hom te deel en albei kon voel hoe God daar aan die werk was. Die gesprek was diep en hulle kon die man bystaan in sy soeke na heling en help met sy vrae en twyfel."

Carina het verder vertel dat die twee spanlede die man toe uitgenooi het om die volgende aand die *Jesus*-film te kom kyk, maar omdat hy so ver van die dorp af gebly het, het hulle getwyfel of hy werklik sou kom. "Teen skemertyd, net voor die film moes begin, het hulle gebid en vir hom gewag. Eduan het geweet daar was nog soveel oor wat die man moes leer en dat die film sou kon help om baie vrae te antwoord – in Sesotho!" sê sy.

Daar gebeur toe 'n wonderwerk. "Toe die son agter die Malutiberge verdwyn, sien Eduan hoe die man aangestap kom. Hy het na hom toe gehardloop, hom omhels en God geprys vir nog 'n verlore seun wat huis toe gekom het."

Die Here het die studente van die Studentekerk op 'n baie besondere sending gestuur. Omdat hulle hierdie roepstem gehoorsaam het, het daar wonderlike dinge gebeur. Romeine 10 vers 14 en 15 is helder oor ons roeping om te getuig: "Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?

Daar staan immers geskrywe: Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring!"

NG Kerk | Vennote in Getuienis
Vrystaat

Borge:

- CLF
- Dairy Corporation Bloemfontein
- EPX Couriers Polokwane
- Impa Paints
- Lund Eiers
- NG Kerk Berg-en-Dal
- Sasko
- Schalk Oosthuizen
- The Bothafamilie
- The Geldenhuys family
- Van der Boons Bakkery
- Water@Florapark

Vennote in Getuienis

Tel: +27(0)51 406 6729

Faks: +27(0)86 647 1934

Posbus 11412, Universitas,9321 Suid-Afrika

missie@ngkvs.co.za